# RUM

## INBURGERING VAN NASIONALE DIENSPLIGTIGES IN DIE BURGERLIKE BEROEPS- EN GEMEENSKAPSLEWE NA VOLTOOIING VAN HULLE ONONDERBROKE MILITÊRE OPLEIDING

Die dringendheid van die aanslag teen die Republiek het meegebring dat die Dienspligstelsel gewysig moes word. Hierdie wysiging bring mee dat Nasionale Dienspligtiges voortaan vir 'n tydperk van twee jaar geïsoleer gaan word van die gesins- en gemeenskapslewe waarvan hulle lid is.

Navorsing en ervaring dui op redelike ernstige aanpassings-, welsyns- en werkloosheidsprobleme waarmee die teruggekeerde soldaat in 'n mindere of meerdere mate te kampe gaan hê.

Aangesien dit goeie oorlogsbeleid is om aan die vegtende soldate voor te hou watter sekuriteitsmaatreëls en hulp daar vir hulle wag wanneer hulle die dag na die private lewe terugkeer, gee die Weermag tans dringend aandag aan die daarstelling van 'n omvattende plan vir die opname en inburgering van die teruggekeerde lid in die burgerlike gesins-, gemeenskaps- en beroepslewe na voltooiing van sy aanvanklike twee jaar verpligte militêre Diensplig.

Hierdie plan maak onder andere voorsiening vir die verskaffing van werk aan diegene wat nie werk het nie, die rehabilitasie van welsynsprobleme, finansiële hulp en noodlenings aan afhanklikes wat broodgebrek ly, en konkrete hulp aan diegene wat vermink en gestremd geraak het as gevolg van die militêre konflik. Voorts maak dit ook voorsiening vir die inskakeling van die lid in die kultuur-gemeenskap en sy aanpassing in die werksituasie.

Daar gaan egter geen nuwe organisasie gestig word om hierdie omvattende diens aan teruggekeerde soldate te lewer nie, aangesien bestaande skemas en dienste van die gemeenskap en die Staat voldoende voorsiening maak vir so 'n diens. Dit gaan slegs deur die Weegmag gekoördineer word tot voordeel van die lid en sy afhanklikes.

Die bestaande dienste en skemas van 'n groot aantal saakmakende staatsdepartemente, kultuur- en diensorganisasies — insluitende vroue-organisasies word betrek by hierdie plan ten einde te verseker dat die teruggekeerde soldaat se aanpassing en inburgering in die burgerlike lewe so suksesvol moontlik geskied.

Om uitvoering te gee aan dié plan word plaaslike gemeenskappe met die hulp van plaaslike owerhede georganiseer in komitees vir die inburgering van Nasionale Dienspligtiges. Hierdie komitee sal veral aandag gee aan aspekte soos inskakeling van teruggekeerde soldate in kultuurverband, werkverskaffing, noodleniging, rehabilitasie van welsynsprobleme, maatskaplike en praktiese hulpverlening.

Hierteenoor sal die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in samewerking met die plaaslike komitees verantwoordelik wees vir die rehabilitasie van maatskaplik wanaangepaste of swak aangepaste Nasionale Dienspligtiges of gesinne en die koördinasie van die Staat se pogings deur sy onderskeie departement om maatskaplike rehabilitasie te bewerkstellig. Daar sal spesiale aandag gegee word aan die rehabilitasie van gestremdes en indiensplasing van gestremdes in beskutte werk.

Die Departement van Arbeid sal met behulp van sy gedesentraliseerde arbeidsburos en in noue samewerking met die plaaslike komitees verantwoordelik wees vir werkverskaffing aan teruggekeerde soldate en die toetsing, meting en beroepsvoorligting van lede met die oog op indiensplasing.

Die werksaamhede van die verskillende tersaaklike staatsdepartemente en plaaslike komitees vir die inburgering van Nasionale Dienspligtiges sal deur Hoof van Staf Personeel gekoördineer word tot een geïntegreerde plan wat die opname en inburgering van die teruggekeerde soldaat in die burgerlike lewe so doeltreffend moontlik sal laat geskied.